

# DIE HOËRSKOOLO WAGPOS

## DISSIPLINÊRE STELSEL

|  |           |
|--|-----------|
| <b>A. Skoolreëls</b>   | <b>2</b>  |
| <b>B. Gradering van Oortredings</b>  | <b>26</b> |
| <b>C. Dissiplinêre Ingrype</b>   | <b>27</b> |
| <b>D. Debietpunte</b>  | <b>32</b> |
| <b>E. Dissiplinêre Prosedures</b>  | <b>35</b> |
| <b>F. Skorsing van 'n leerling deur die Beheerliggaam as 'n Voorkomende Maatreël</b> | <b>36</b> |
| <b>G. Prosedure gedurende Verhore</b>  | <b>37</b> |
| <b>H. Detensie</b>   | <b>43</b> |

## A. SKOOLREËLS

### 1. BEGINSELS ONDERLIGGEND AAN DIE GEDRAGSKODE

#### 'N GEDRAGSKODE

1.1 Beklemtoon die regte, verantwoordelikhede en pligte van die leerders.  
Dit beklemtoon die reg van elke leerder om onderrig te word in 'n ordelike en gedissiplineerde omgewing. Dit impliseer onder meer dat:

- Die individu die reg het tot ontwikkeling van volle potensiaal.
- Leerders moet almal se kultuur en tradisies respekteer.
- Leerders moet ander se integriteit respekteer; en
- Alle leerders moet gelyke regte en behandeling, asook beskerming en voordele van die Wet geniet.

1.2 Lê reëls neer vir naasbestaan, orde en interpersoonlike verhoudings in die skool.

Dit impliseer dat:

- leerders gekonsidereer word ten opsigte van hul gedra;
- leerders moet hulle weerhou van aggressiewe gedrag en vals beskuldigings; enige intimidasie, viktimisasie en verbale beskuldigings is onaanvaarbaar;
- respek moet betoon word aan alle persone, veral ook aan die in 'n hoër posisie as leerders;
- wedersydse respek moet gekweek word tussen leerders;
- leerders moet by alle reëls en regulasies hou;
- leerders moet die skoolterrein op die regte tyd verlaat en
- leerders moet geklee wees volgens skoolreëls.

1.3 Behoort die beskerming van alle beskikbare hulpbronne – menslik, fisies, finansiële en materieel – te waarborg.

Dit impliseer dat:

- leerders moet streef na selfstandigheid, gedissiplineerdheid en kreatiewe denke;
- leerders effektiewe onderrig moet ondersteun en nastreef;
- leerders beskerm moet word teen valse beskuldigings;
- leerders in harmonie moet saamleef en
- leerders moet respek betoon teenoor die skool se eiendom.

1.4 Gee 'n duidelike uiteensetting van die daaglikse skoolprogram.

Dit impliseer dat:

- leerders moet alles moontlik vermy wat die skool se naam mag skade aandoen;
- leerders geen onderwyser of leerkrag se gesag mag ondermyn nie en
- leerders altyd moet waarneem en respekteer wat die skool se regulasies onderskryf.

## 2. SKOOL- EN KLASBYWONING

|                 |   |               |   |          |
|-----------------|---|---------------|---|----------|
| <u>SKOOLURE</u> | : | 07:10         | - | Aantree  |
|                 |   | 07:15 - 07:35 | - | Opening  |
|                 |   | 07:40 - 13:38 | - | Skoolure |

(Op Vrydae kan die skool vroeër (13:00) sluit indien die tyd nie benodig word vir sport-aktiwiteite op 'n ander dag nie. Let daarop dat die tye verander kan word soos dit nodig is om die skool se program te pas.)

- 2.1. Alle leerders moet by die skool wees voor die amptelike begintyd. Leerders wat laat kom, sal as afwesig gemerk word, aangesien die registers voltooi word aan die begin van die dag.

Leerders wat laat by die skool aankom, moet by die kantoor aanmeld saam met die ouer/voog. Indien die ouer/voog nie die kantoor saam met die leerder kan besoek nie, moet hulle 'n briefie skryf om die situasie te verduidelik.

- 2.2 Afwesigheid van klas, sonder die toestemming van die betrokke register- of vakonderwyser, is verbode.
- 2.3 Indien 'n leerder afwesig was, moet die leerder 'n brief van die ouer/voog inhandig op die eerste dag waarop die leerder terug is by die skool.
- 2.4 Indien 'n leerder afwesig is vir drie (3) dae of langer, moet 'n mediese brief/sertifikaat/nota ingedien word.
- 2.5 Indien 'n leerder afwesig is tydens 'n formele toets, eksamen of ander assesseringstaak, moet die leerder 'n mediese brief/sertifikaat/nota by die betrokke onderwyser sowel as by die registeronderwyser indien. (Afskrifte moet gemaak word om by die verskeie onderwysers ingedien te word).

**NB: Hierdie mediese sertifikaat moet so gou moontlik (nie later as 3 dae nie) en verkieslik op die eerste dag na die afwesigheid, ingedien word. Versuiming van hierdie reël sal daartoe lei dat die leerder 0% kry vir die toets/taak.**

- 2.6 Geen leerder mag die skool gedurende skoolure verlaat sonder 'n toestemmingsbrief van die ouer/voog nie. Hierdie brief moet ten minste 'n dag voor die tyd aan die hoof van die skool gestuur word vir goedkeuring. Wanneer 'n leerder vroeg moet onttrek, moet hy/sy by die kantoor deur 'n ouer/voog uitgeteken word. Geen leerder mag die terrein verlaat sonder hierdie aksie nie, al is sy toestemmingsbrief goedgekeur deur die hoof.
- 2.7 Alle leerders is verplig om saal- en ander byeenkomste by te woon en mag nie verdaag voor die afhandeling daarvan nie. Leerders wat nie gemaklik is met die Christelike inslag van die byeenkomste nie, moet by een van die skool se bestuurspan aanmeld en 'n klaskamer sal aan hulle toegewys word waar hulle die duur van die byeenkomste sal deurbring.
- 2.8 Verpligte kurrikulêre klasse en aktiwiteite geskied na skool.
- 2.9 Detensie móét bygewoon word.

### 3. SKOOLDRAG VIR ALLE LEERLINGE

|     |               |                 |   |                           |
|-----|---------------|-----------------|---|---------------------------|
| 3.1 | Leweransiers: | <b>La Varé</b>  | - | <b>Tel: 012 – 2520239</b> |
|     |               | <b>Hagels</b>   | - | <b>Tel: 012 – 2520960</b> |
|     |               | <b>Estetica</b> | - | <b>Tel: 012 – 2521810</b> |

3.2 Skoolkleure: Donkergroen, wit en swart

#### 3.3 SKOOLDRAG VIR MEISIES:

##### 3.3.1 Somersdrag:

|               |  |
|---------------|--|
| Romp:         | Donkergroen.<br>Wanneer die dogter op haar knieë staan, moet die soom 'n maksimum van 10 cm van die grond af wees. |
| Hemp:         | Wit, oopslaankraag met kort moue. Die moue mag nie omgevou word nie.   |
| Das:          | Geen.  |
| Sokkies:      | Kort wit sokkies. Sokkies mag nie opgerol word nie. Word een keer omgevou.   |
| Skoene:       | Swart plathakskoene met bandjie oor die voet of toerygtipe.  |
| Onderklere:   | Ondeursigtige, vleeskleurige bra en groen broekie.   |
| Oortrektrui:  | Mag gedra word.  |
| Kleurbaadjie: | Mag gedra word.  |
| Trui:         | Amptelike skooltrui (groen met V-nek en swart en wit strepies) mag slegs op koel reënerige dae gedra word.         |
| Langbroeke:   | Mag nie in die somer gedra word nie.   |

##### 3.3.2 Wintersdrag:

|            |   |
|------------|---|
| Romp:      | Donkergroen.  |
| Langbroek: | Groen langbroek, dogtersnit.<br>Graad 12's – donkergroen langbroek. |
| Hemp:      | Wit, boordjiekraag met lang moue.                                   |
| Das:       | Groen skooldas verpligtend.   |
| Kouse:     | Swart lycra tights.   |
| Skoene:    | Soos by somersdrag.   |

Onderklere: Soos by somersdrag.

Serp: Swart.

Oortrektrui: Mag gedra word.

Kleurbaadjie: Mag gedra word.

Trui: Mag gedra word.

### 3.4 SKOOLDRAG VIR SEUNS:

#### 3.4.1 Somersdrag:

Broek: Lang of kort, voorgeskrewe groen broek.

Hemp: Groen, oopslaankraag met kort moue.

Das: Geen.

Kouse: Grys kouse met strepies (in skoolkleure).

Skoene: Swart toeryskoene sonder enige modegier, dik sole of gespes. Geen bruin skoene nie.

Oortrektrui: Mag gedra word.

Kleurbaadjie: Mag gedra word.

Trui: Amptelike skooltrui (groen met V-nek en swart en wit strepies) mag slegs op koel reënerige dae gedra word.

#### 3.4.2 Wintersdrag:

Broek: Lang of kort, groen broek.

Hemp: Groen, boordjiekraag met lang of kort moue.

Das: Groen skooldas verpligtend.

Gordel: Gewone swart gordel by langbroek, geen dubbel gespes, geen mode gespes.

Kouse: Grys kouse.

Skoene: Soos by somersdrag.

Onderklere: Soos by somersdrag. Mag nie sigbaar wees nie.

Serp: Swart.

Oortrektrui: Mag gedra word.

Kleurbaadjie: Mag gedra word.

Trui: Mag gedra word.

### 3.5 MATRIEKDRAG:

Graad 12's dra op Vrydae matriekdrag.

Seuns: Wit hemp met das en donkergroen langbroek.

Die hemp mag nie skouerbelegsels, dubbelborsstukke, lussies op die moue of klappe bokant die borssakke he nie.

Meisies: Wit hemp met das, donkergroen romp of langbroek (winter) en "tights".

Dasse: Slegs matrikulante word toegelaat om die ou swart-en-wit strepiesdasse te dra.

### 3.6 SPORTDRAG:

Soos voorgeskryf deur elke sportsoort.

Slegs skoolsweetpakke is aanvaarbaar tydens sportbyeenkomste andersins moet leerlinge in skooldrag geklee wees.

Eerstespan- en provinsiale baadjies mag slegs op Vrydae of sportdae saam met amptelike skooldrag gedra word. Dit geld slegs binneseisoen vir die betrokke sportsoort.

### 3.7 REËLS VAN TOEPASSING OP SKOOLDRAG:

#### 3.7.1 DOGTERS

##### 3.7.1 Hare

- a) Alle hare wat oor die onderste ronding van die hemp se kraag hang, moet teen die kop vasgemaak word. (Nie slegs die onderpunte nie). Hare moet daagliks netjies versorg wees.
- b) Die kuif mag nie oor die wenkbroue hang nie, 'n lang kuif moet afgesny of weg van die gesig weggesteek word. Dit geld ook vir die "Bob-styl". Geen haarslierte mag los hang nie. Indien dit weggesteek word, moet dit so gedoen word dat dit die hele dag netjies bly.
- c) Hare moet in 'n netjiese aanvaarbare styl wat by skooluniform pas, gedra word.

- d) Hare mag nie gekleur word nie. Indien hierdie reël oortree word, moet die hare na die oorspronklike kleur teruggekleur word. Geen kleure “mousse” mag gebruik word nie.
- e) Slegs wit, swart of donkergroen haarbykomstigheid, wat nie te groot is nie, word toegelaat.

### 3.7.2 Juwele

- a) Slegs klein goue of silwer ooringetjies (deursnee 1 cm) of knoppies is toelaatbaar, en slegs een stel aan die onderkant van die ore. Geen diamantjies nie.
- b) Geen armbande, borspelde of hangertjies mag gedra word nie. Kettings om die enkels is nie toelaatbaar nie.
- c) Slegs een seëlring aan die vinger is toelaatbaar.
- d) Geen tong- of neusringe is toelaatbaar nie.
- e) Geen gekleurde/Christelike bandjies mag om die arm gedra word nie. Slegs arendbandjies mag gedra word.

### 3.7.3 Grimering

Geen grimering word toegelaat nie.

### 3.7.4 Naels

Naels moet kort en netjies versorg wees. As jy van die handpalm se kant af kyk, moet die naels nie sigbaar wees nie. Deursigtige naellak mag aan kort geknipte naels gesit word.

## 3.7.2 SEUNS

### 3.7.2 Hare

Wanneer hare afgekam word:

- a) mag die hare nie oor die ore hang nie;
- b) mag die kuif nie nader as een vingerbreedte vanaf die wenkbroue hang nie;
- c) mag die hare agter nie die hemp se kraag raak nie en mag die lengte gaandeweg toeneem tot by die kroontjie, dus geen “step” nie.

- d) Wangbaarde mag nie verby die middel van die oor kom nie.
- e) Geen kleurstowwe.
- f) Geen uitspattige haarstyle.
- g) Geen kleur “mousse” mag gebruik word nie.
- h) Geen modegrille.
- i) Hare mag nie regop staan nie.

### 3.7.3 Juwele

Geen kettings, ringe, armbande, tongringe, neusringe of oorbelle mag gedra word nie. Slegs horlosies, “Medic-Alert” en arend-armbandjies is toelaatbaar.

Geen gekleurde/Christelike bandjies mag om die arm gedra word nie.

### 3.7.4 Kleredrag

- a) Daar mag nie aan langbroeke se pypwydte verander word nie.
- b) Baadjiemoue mag nie opgestoot word nie.
- c) Truie se moue mag nie opgestoot of opgerol word nie.
- d) Dasse mag nie met die dun kant na voor gebind word nie.
- e) Truie mag nie doelbewus uitgerek word nie.
- f) Kouse moet te alle tye opgetrek wees (maak gebruik van kousrekke).
- g) Hemde moet te alle tye ingesteek wees.

Verbrekings van uniformregulasies:

- h) Dra van gedrukte T-hemde onder skoolhemde; ‘n verkeerde trui of sweetpakbaadjie as ‘n buitekledingstuk; die verkeerde kleur kouse of gordel; die dra van juwele.
- i) Nalaat om die VOLLE skooluniform te dra in ‘n publieke plek insluitend die dra van ongeoorloofde items.
- j) Nalaat om die korrekte sportuitrusting te dra vir ‘n wedstryd of oefening.

- k) Ryloop in skooluniform, hetsy in formele- of sportdrag.

### 3.7.5 Tatoeëering

Geen leerder mag liggaamlike tatoeëering hê wat sigbaar vertoon word tydens skool en/of sportaktiwiteite nie.  
Dit geld ook vir gewone penmerke op die liggaam.  
LW. Alle reëls met betrekking tot voorkoms bly van toepassing op matrikulante tydens die matriekafskeid, rekord- en eindeksamen.

## 3.8 ORDE EN WISSELING

- 3.8.1 Klaswisseling geskied ordelik en stil volgens die voorgeskrewe plan.
- 3.8.2 Tasse word nie aan die muur se kant gedra nie.
- 3.8.3 Leerders moet soggens onmiddellik om 07:10 aantree vir opening.
- 3.8.4 Leerders verdaag na die klas na die eerste klok en moet voor die tweede klok (4 minute) in die volgende klas wees.
- 3.8.5 Leerders tree ordelik in netjiese rye voor elke onderwyser se klas aan en die VLR-lede is verantwoordelik vir die dissipline.
- 3.8.6 Tydens pouse word tasse in netjiese rye voor klaskamers gepak. Geen tasse mag rondlê nie.
- 3.8.7 Niemand mag tydens pouse in of om die klaskamers wees nie. Alle leerders moet tydens pouse onderkant die teerpad wees. Die gebied in en om die LO-saal en LO-vierkant is buite perke.
- 3.8.8 Geen leerders mag tydens pouse by die personeelkamer ronddwaal nie.
- 3.8.9 Geen leerders mag die kantoor kompleks as 'n deurgang gebruik nie.
- 3.8.10 Kosuisterreine is verbode tydens skoolure.
- 3.8.11 Verdaging aan die einde van die dag geskied eers nadat daar oor die interkom afgekondig is. Geen klas mag verdaag voordat die tweede klok gelui het nie.

## 3.9 AFWESIGHEID

- 3.9.1 Leerders mag nie die skoolterrein gedurende skoolure verlaat sonder dat hy/sy in die kantoor uitgeteken is nie, EN vooraf of met die hoof/adjunkhoof skriftelik gereël is nie. (Dag voor die tyd).
- 3.9.2 Indien 'n leerder tydens skoolure siek word, moet hy/sy eers by die kantoor rapporteer. (Ingesluit koshuisleerlinge).
- 3.9.3 Geen koshuisleerders sal sonder die SDO se toestemming na die siekeboek kan gaan nie. (Met briefie).

- 3.9.4 Daar sal ernstig opgetree word teen gedeeltelike stökkiesdraaiers en leerders wat die heeldag stökkiesdraai.
- 3.9.5 Vlr-lede moet alle afwesighede aan die begin van elke periode by die klasonderwyser aanmeld.
- 3.9.6 Ouers moet die skool skakel indien die leerder afwesig is, en dit moet skriftelik bevestig word.
- 3.9.7 Leerders moet 'n doktersbrief, begrafnisbrief of hofdokument inhandig vir alle toetse en eksamens wat nie geskryf is nie, by die betrokke vakonderwyser sodra hy/sy terug is by die skool, anders kry 'n leerder nul vir die toets/eksamen.  
  
Geen vervroegde vakansies sal aan leerlinge toegestaan word op grond van ouers se mondelinge en skriftelike verhoë nie.
- 3.9.8 Dit is die verantwoordelikheid van die leerder om die werk wat afgehandel is terwyl hy/sy afwesig was, in te haal, aantekeninge te vra en verlore huiswerk te doen.

### 3.10 KLASKAMERPROSEDURES

- 3.10.1 Leerders tree in enkelrye voor klasse aan. Leerdes staan by hulle banke totdat die personeellid binnekom en groet.
- 3.10.2 Leerders staan op indien 'n onderwyser hul aanspreek.
- 3.10.3 Dogters kom die klas eerste binne en dan die seuns.
- 3.10.4 Geen leerdes mag die klasse verlaat sonder die onderwyser se toestemming nie.
- 3.10.5 GEEN ETERY sal in die klaskamers geduld word nie.
- 3.10.6 Krappery, graffiti op banke is streng verbode, asook enige beskadiging van enige aard.
- 3.10.7 Koste weens skade aangerig, sal van die betrokke leerders se ouers verhaal word.
- 3.10.8 Geen leerders het die reg om gedurende die duur van die les, die klas te ontwrig nie.
- 3.10.9 Geen aangeskakelde selfone word in klasse en tydens klaswisseling toegelaat nie. Selfone mag glad nie sigbaar wees nie.

### 3.11 DIENSKOMITEE

Dit is die taak van die dienskomitee om te help om die goeie orde en vloei van die skoollewe te handhaaf. Indien die gesag van die dienskomitee ondermyn word, sal die aangeleentheid deur die dagbestuur van die skool hanteer word. Wettige opdragte van die dienskomitee moet onmiddellik uitgevoer word.

### 3.12 PLIGTE VAN KLASLEIERS (VLR)

- 3.12.1 Sorg dat die klas by die toesigklasse uitkom.
- 3.12.2 Verantwoordelik vir die algemene welsyn, orde en dissipline van van die klas.
- 3.12.3 Verantwoordelik om afwesighede/stokkiesdraaiers te rapporteer.
- 3.12.4 Verleen administratiewe hulp aan die voogonderwyser.
- 3.12.5 Verteenwoordig die klas by die raad van verteenwoordigers van leerders. (VLR)

### 3.13 KLEEDKAMERS

Die sleutelwoord ten opsigte van die kleedkamers is NETHEID. Kleedkamers is nie 'n kuierplek voor-en na skool nie.

Leerders mag nie kleedkamers tydens periodewisseling besoek nie.

### 3.14 SELFOONRËELS

- 3.14.1 Selfone moet afgeskakel wees tydens klas-, eksamen- en studietye asook klaswisseling.
- 3.14.2 Indien 'n selfoon gebruik word (praat, SMS of speletjies) word die selfoon geneem en in die kluis gehou vir vyf (5) skooldae.
- 3.14.3 'n Kwitansie word uitgereik wat die leerder moet bewaar en inhandig wanneer hy/sy die selfoon kom haal.
- 3.14.4 Niks mag uit die apparaat verwyder word nie – SIM kaart, battery, geheuekaart. Die selfoon moet voor die onderwyser afgeskakel word.
- 3.14.5 Hierdie reëling geld vir alle elektroniese apparaat – IPOD's, MP3'e ens.

### 3.15 HANDBOEKRËELS

- 3.15.1 Wanneer die leerder 'n handboek ontvang, is hy/sy verantwoordelik om die boek in goeie toestand terug te handig.
- 3.15.2 Leerders wat 'n boek laat wegraak, moet die boek betaal en die kwitansie by die vakonderwyser inhandig, voordat 'n nuwe handboek uitgehandig sal word.
- 3.15.3 Leerders sal nie toegelaat word om eksamen aan die einde van die jaar te skryf indien bogenoemde reëls nie nagekom is nie.

### 3.16 SEKURITEIT

Die veiligheid en sekuriteit van ons skoolterrein is van kardinale belang vir ons leerders, ouers en personeel. Daarom geld daar die volgende reëlings met betrekking tot die toegang by die skoolhek.

Elke personeellid se motor het 'n toegangskyfie aan sy voertuig se voorruit.

Die sekuriteit is nodig vir die beskerming van ons voertuie, eiendom en veiligheid van leerders, daarom moet alle ander ouers en besoekers die sekuriteitsregister by die hoofhek invul.

Leerdes wat van motorfietse as vervoer gebruik maak, moet 'n geldige motorfietsbestuurslisensie hê en dit agter Hierbegin koshuis, onder die afdak daarvoor gereserveer, parkeer. Ons weet die veiligheid en beskerming van u kind is belangrik, daarom versoek ons u samewerking met die reëlings.

### 3.17 ALGEMEEN

- Leerders mag onder geen omstandighede met die brandslange, brandblussers of elektriese skakelborde peuter nie.
- Administratiewe kantore en personeelkamer is verbode terrein vir leerders. Rapporteer by ontvangs.
- Vandalisme word as 'n baie ernstige oortreding beskou.
- Ons is trots op ons terrein. Papiere en blikke moet asseblief in asblikke gegooi word. Moenie blomme, struik en bome beskadig nie.
- Wanneer leerders na skool na enige openbare plek gaan en nog in skooldrag geklee is, moet hulle aan dieselfde netheidvereistes as by die skool voldoen.
- **ROOK IS VERBODE OP DIE SKOOLTERREIN – OF OP ENIGE ANDER PLEK TERWYL DIE LEERDERS IN SKOOLDRAG GEKLEE IS.**
- Van leerders word verwag om te alle tye die welvoeglikheidsreëls ten opsigte van seun – dogter houdings te handhaaf. Solank leerders in skooldrag geklee is, sal geen hand-om-die-lyf of hand-aan-hand wandeling toegelaat word nie, geen openbare liefkosery of enige fisiese kontak word op die skoolterrein, tydens skoolure of skoolfunksies toegelaat nie.
- Geen leerder mag in besit wees van vuurhoutjies of 'n aansteker nie.
- Leerders mag nie ander leerders met voorwerpe gooi nie.
- Waar daar voetpaadjies is, mag leerders nie oor die gras loop nie.
- Enige leerder wat hom/haar skuldig maak aan die inbring en of die gebruik van alkoholiese drank, dwelms, pornografie en gevaarlike wapens, sal summier voor die tugkomitee verskyn.

- Leeders onder die invloed van drank en dwelms, mag nie die skoolterrein betree nie.
- Kougom is verbode op die skoolterrein.
- Geen leerder mag by die skool handel dryf nie, slegs met georganiseerde markdae.
- Tasse mag nie bekrap word nie.
- Hemde mag nie uithang nie, maar moet netjies ingesteeke wees.
- Bakleiery tussen leerders is ontoelaatbaar. Leerlinge wat bakleiery met selfone afneem, is aan dieselfde oortreding skuldig as die bakleiers. Dit maak so 'n persoon dus 'n medepligtige.
- Die pawiljoenkompleks is verbode terrein, buiten die tye wat sport beoefen word, onder toesig van personeel.
- Die bestuur van Die Hoërskool Wagpos behou hom die reg voor om enige reël wat nie in hierdie stuk vervat is nie, mondelings aan die leerders oor te dra. Sodanige reël(s) sal net so bindend wees soos die algemene reëls hierbo uiteengesit.

#### **4. WAARDEVOLLE ARTIKELS EN PERSOONLIKE BESITTINGS:**

Die skool sal nie verantwoordelik gehou word vir die diefstal of skade van persoonlike besittings op die skoolterrein nie, bv. selfone, tasse, boeke en klere.

- 4.1 Leerders moet dit vermy om selfone, groot bedrae geld en waardevolle artikels skool toe te bring. Selfone mag nie aan wees gedurende die normale skooldag nie. As 'n leerder 'n selfoon skool toe bring, moet die leerder 'n geskrewe versoek van die ouer of voog hê wat sal dien as 'n vrywaring teen verlies of skade aan die selfoon.
- 4.2 Leerders mag geen speelgoed, bandopnemers, vuurhoutjies, sigaretaanstekers, sigarette, messe, vuurwapens of ander gevaarlike of tradisionele handwapens skool toe bring nie.
- 4.3 Indien 'n ouer 'n leerder versoek om skoolgeld namens hom/haar te kom betaal, moet die skoolgelde betaal word aan die begin van die skooldag.
- 4.4 Leerders is self in beheer van reëlings vir die veilige bewaring van waardevolle artikels gedurende sportoefeninge. Toesluitfasiliteite is beskikbaar.
- 4.5 Leerders mag nie rekenaarspeletjies, Ipods of enige verwante elektroniese apparate na die skool toe bring nie.
- 4.6 Leerders mag nie 'n medeleerder se eiendom wegsteek of wederregtelik neem nie.
- 4.7 Leerders wat met motors, fietse en motorfietse skool toe kom, bly verantwoordelik daarvoor.
- 4.8 Geen leerder mag met 'n ander leerder se fiets, motorfiets of motor peuter nie.

## 5. ALGEMENE REËLS

- 5.1 Die volgende is verbode:
- 1.1 Drentel en/of speel in en om die skoolgeboue.
  - 1.2 Rommelstrooi.
  - 1.3 Vandalisme, opsetlike beskadiging of verwaarlosing van skoleiendom of eiendom van ander. Dit sluit in graffitti (skryf op mure en banke), of deur enige fisiese aktiwiteit.
  - 1.4 Diefstal van skool-, koshuis-, plaas- of ander persone se eiendom.
  - 1.5 Enige vorm van oneerlikheid ten opsigte van huiswerk, klaswerk, take, werkstukke, toetse en eksamens. Afskryf of fotokopiëring van ander leerders se werk, tensy dit so deur die onderwyser beveel is. Dit moet by die departement aangemeld word.
  - 1.6 Ontwrigtende gedrag, gedrag wat indruis teen die skoolreëls, ongeskikte of aanstootlike gedrag.
  - 1.7 Taalgebruik wat afbrekend, diskriminerend of rassisties is.
  - 1.8 Enige daad of aktiwiteit wat afkrakend, vernederend of 'n persoon se menswaardigheid aantast, of die leerder se kultuur, ras of geloof afkraak.
  - 1.9 Die besit van, kopiëring of lees van aanstootlike materiaal /pornografie. Dit sluit in dit wat op selfone afgelaai kan word.
  - 1.10 Spuug in die openbaar.
  - 1.11 Die gebruik van onaanvaarbare materiaal om boeke en leërs oor te trek
  - 1.12 Vervalsings: verandering van amptelike dokumente soos mediese sertifikate en kwalifikasies, en die bedrieglike gebruik daarvan, asook vervalsing van handtekeninge.
  - 1.13 Gebruik van obsene vingertekens is verbode.
  - 1.14 Openbare versteuring en openbare onsedelikheid wat suggestiewe bewegings insluit.
  - 1.15 Oordrewe lawaaierige of ongedissiplineerde gedrag tydens en na skool.
- 5.2
- 2.1 Inhandiging van take, werkstukke, huiswerk of ander opdragte moet betyds gedoen word en dit is die verantwoordelikheid van die leerder.
  - 2.2 Leerders wat nie 'n doktersbrief/mediese brief/hofbevelafskrif/afskrif van die doodsertifikaat (in geval van familiedood) inhandig binne die eerste week nadat die leerder terug is by die skool nie, sal 'n "0" (nul) ontvang vir 'n toets, eksamen, assesseringstaak of enige ander taak wat misgeloop is. 'n Afskrif moet aan elke onderwyser gegee word waar 'n assessering misgeloop is, aangesien dit in die portefeulje gebind moet word.

- 2.3 Ongehoorsaamheid – die ignoreer van of nalaat om 'n spesifieke opdrag uit te voer (*insluitend die nalaat om werk/straf te voltooi wat in die uitsluitingskamer gedoen moet word, of nalaat om by die uitsluitingskamer te rapporteer, of nalaat om by die vakonderwyser(es) aan te meld met hierdie werk/strafwerk soos gestipuleer*).
3. 'n Leerder sal die geloof, kultuur, menswees en regte van ander leerders, onderwysers en werkers, respekteer. Elke persoon is geregtig op sy privaatheid en vertroulikheid.
  4. Alle leerders het die reg op opvoeding, vry van inmenging, intimidasie en/of fisiese mishandeling. Elke leerder sal die eiendom en veiligheid van ander leerders respekteer.  
Bakleiery of dreigende houding teenoor ander leerders, is verbode.
  5. Leerders sal persone in leiersposisies /posisie van outoriteit respekteer. Leerders en onderwysers wat in 'n posisie van outoriteit is, sal hom-/haarself op 'n manier gedra dat dit die posisie waarin hy/sy verkeer, waardig is. Laasgenoemde sal ook die regte van leerders respekteer en nie sy/haar posisie misbruik nie.
  6. Leerders sal die areas wat deur die skool aangewys is as verbode terrein, respekteer.  
  
Dit sluit in:
    - 6.1 Parkeerareas vir onderwysersvoertuie, parkeerareas vir leerders (binne skoolure).
    - 6.2 Sportvelde en –bane. (Behalwe soos gereël).
    - 6.3 Skoolgeboue buite skoolure.
    - 6.4 Elektriese verdeelkaste.
    - 6.5 Koshuise (gedurende skooltyd).
    - 6.6 Klaskamers gedurende pouse en ander nie-skoolure.
    - 6.7 Pawiljoen gedurende ander tye as waarin sport plaasvind.
    - 6.8 Dobbelaar.
    - 6.9 Die besit of gebruik van klappers.
    - 6.10 Peuter met veiligheids- en ander toerusting op skoolgronde.
  7. Orde en Klaswisseling:
    - 7.1 Klaswisseling geskied ordelik en stil volgens die voorgeskrewe plan. Hou links en loop in 'n enkelry.
    - 7.2 Tasse word nie aan die muur se kant gedra nie.
    - 7.3 Leerders moet soggens onmiddellik aantree vir opening (voor 07:10).

- 7.4 Leerders verdaag die klas na die eerste klok en moet voor die tweede klok (4 min) in die volgende klas wees.
  - 7.5 Leerders tree ordelik in netjiese rye voor elke onderwyser se klas aan en die VLR-lede is verantwoordelik vir die dissipline.
  - 7.6 Tydens pouses word tasse in netjiese rye voor klaskamers gepak. Geen tasse mag rondlê nie.
  - 7.7 Niemand mag tydens pouse in of om die klasse wees nie. Alle leerders moet tydens pouse onderkant die teerpad wees.
  - 7.8 Geen leerders mag tydens pouse by die personeelkamer ronddwaal nie.
  - 7.9 Geen leerder mag die kantoor kompleks as 'n deurgang gebruik nie.
  - 7.10 Koshuisterreine is verbode tydens skoolure.
  - 7.11 Verdaging aan die einde van die dag geskied eers nadat daar oor die interkom afkondigings gemaak is.  
Geen klas mag verdaag voordat die tweede klok gelui het nie.
  - 7.12 Selfone mag nie tydens klaswisseling gebruik word nie en dit mag glad nie sigbaar wees nie.
8. Lys van voorbeelde van gedrag deur 'n leerder verbonde aan 'n openbare skool wat as ernstige wangedrag beskou word met die Skolewet as riglyn:
- 8.1 Verkragting.
  - 8.2 Onwelvoeglike aanranding.
  - 8.3 Seksuele teistering met verswarende omstandighede.
  - 8.4 Aanranding met die oog daarop om ernstige liggaamlike leed te berokken.
  - 8.5 Gewone aanranding van 'n leerkrag.
  - 8.6 Inbreukmaking op die regte van ander leerlinge om onderrig te ontvang deur die ontwrigting van klasse, deur ander leerlinge te verhoed om klasse by te woon deur onderwysers te verhoed om klas te gee, of op enige ander manier.
  - 8.7 Moedswillige beskadiging van eiendom.
  - 8.8 Diefstal met verswarende omstandighede.
  - 8.9 Diefstal, roof, inbraak en betreding.
  - 8.10 Besit van gevaarlike wapens op die skoolterrein.
  - 8.11 Besit of handel in of misbruik van verbode middels.

- 8.12 Besit, vervaardiging of verspreiding van pornografiese materiaal. Dit geld ook vor onweloweglike foto's/video's wat met 'n selfoon afgeneem word.
- 8.13 Onder die invloed van alkoholiese drank op die skoolterrein of by 'n skoolfunksie, skooluitstappie, sportbyeenkoms, ens, nie op die skoolterrein nie.
- 8.14 Besif of handel of gebruik van alkoholiese drank op die skoolterrein.
- 8.15 Diefstal van eksamenvraestelle of besit of handel in sodanige gesteelde vraestelle.
- 8.16 Herhaaldelike uittarting van skoolowerhede.
- 8.17 Moord.
- 8.18 Blatante oneerlikheid. Oneerlik te wees of 'n poging om oneerlik te wees, of die besit van verbode materiaal of inligting in 'n toetslokaal gedurende gekontroleerde toetse (*klastoetse, interne eksamens*). Dit sluit in enige vorm van kommunikasie, verbaal of nie-verbaal, met '
- 8.19 Rook op skoolterrein of in skoolklere of in privaat klere by enige aktiwiteit wat met Wagpos geassosieer kan word.
- 8.20 Enige aktiwiteit wat verband hou met die beoefening van satanistiese praktyke wat die eiendom of veiligheid van ander in gevaar stel.
- 8.21 Vergiftiging, of om iemand anders te vergiftig.

## **6. DIE SKOOL AS OPENBARE PLEK**

Die skool is 'n plek van veiligheid waar die wette van 'n openbare gebied vir almal geld.

- 6.1 Geen gevaarlike voorwerpe of onwettige middels soos in die Suid-Afrikaanse Skolewet of veiligheidsregulasies beskryf is, mag na die skool toe gebring word of op die skoolterrein gebruik word nie. Die hoof mag wel toestemming gee indien dit vir opvoedkundige gebruik aangewend word.
- 6.2 Die besit van of die rook van sigarette is verbode.
- 6.3 Alkohol word onder geen omstandighede op die skoolterrein toegelaat nie.
- 6.4 Die besit van en/of die gebruik van onwettige chemiese middels en verdowingsmiddels is verbode.
- 6.5 Geen massaoptrede sal toegelaat word nie.
- 6.6 Betrokkenheid by aanranding/baklei is verbode.
- 6.7 Diefstal van enige aard sal lei tot vervolging (of word verbied).

## 7. VERVOER

Leerders wat motorfietse/motorvoertuie op die skoolterrein wil parkeer, moet eers toestemming verkry van die skool om dit te doen en moet gebruik maak van die gebiede wat spesifiek afgebaken word vir hierdie doel.

- 7.1 Alle leerders parkeer hulle voertuie, motorfietse en fietse op die skoolterrein op hul eie risiko.
- 7.2 Spesifieke areas word voorsien vir die veilige bewaring van fiets, ens. en moet gebruik word deur die leerders.
- 7.3 Leerdes kan 'n voertuig of motorfiets op die skoolterrein bestuur op voorwaarde dat die leerder 'n lisensie het om so 'n voertuig/motorfiets te bestuur.
- 7.4 Daar word van leerders verwag om uiters versigtig te ry, roekelose bestuur is verbode.
- 7.5 Geen leerder mag met 'n ander fiets, motorfiets of voertuig peuter nie.
- 7.6 Die Gedragskode vir Leerders is in alle opsigte van krag vir leerders wat gebruik maak van openbare/privaat vervoer na en van die skool.
- 7.7 Roekelose of nalatige bestuur in skooluniform of privaatklere.

## **8. BUITEKURRIKULÊRE / VERRYKINGSPROGRAM**

Na-skoolse aktiwiteite is 'n integrale deel van leerders se holistiese ontwikkeling en daar word verwag dat elke leerder aan ten minste EEN sport-/kultuuraktiwiteit per kwartaal sal deelneem. Soos met enige ander skoolaktiwiteit, is daar ook riglyne betreffende die aktiwiteite wat na ure aangebied word:

- 8.1 Leerders is vry om enige van die aktiwiteite wat aangebied word, te kies. Daar word egter verwag dat sodra die keuse uitgeoefen is, leerders die reëls en etiket van die spesifieke aktiwiteit sal respekteer en sal nakom.
- 8.2 Betrokkenheid vir solank as wat die seisoen/aktiwiteit duur, is verpligtend.
- 8.3 Teewoordigheid by oefensessies is verpligtend. Afwesigheid is slegs aanvaarbaar indien ouers skriftelik toestemming vra. Deelname sal opgeskort word vir een wedstryd/optrede indien sonder toestemming afwesig is. Stiptelikheid is 'n vereiste.
- 8.4 Leerders wat nie opdaag vir wedstryde nie, sal gestraf word soos bepaal in riglyne vir Kategorie-oortredings.
- 8.5 Drag tydens oefensessies moet aanvaarbaar wees en volgens riglyne soos deur afrigters vir die onderskeie aktiwiteite bepaal.
- 8.6 Tydens interskole byeenkomste moet drag netjies wees, volgens riglyne soos verskaf deur klerekomitee of formeel soos vereis by kulturele aktiwiteite. Verbale en nie-verbale misbruik. Gebrek aan respek, of parmantigheid.
- 8.7 Bykomstighede moet in toepaslike sportsakke verpak wees indien daar gereis word.
- 8.8 Tydens tuisligas moet deelnemers in toepaslike drag volgens die aktiwiteit se riglyne bepaal, geklee wees. Leerders wat as toeskouers tuisbyeenkomste bywoon, kan in Wagpos skooldrag geklee wees.
- 8.9 Toeskouers en deelnemers by kulturele byeenkomste moet in formele skooldrag geklee wees. Deelnemers se drag moet 'n skoolbaadjie insluit waar moontlik.
- 8.10 Haarstyle moet ALTYD netjies en volgens die skoolreëls wees.
- 8.11 Geen juweliersware behalwe soos vir normale skooltye, mag gedra word nie en geen grimering nie. Geen tatoeëermerke mag sigbaar wees nie.
- 8.12 Leerders wat aan hierdie aktiwiteite deelneem, mag hul nie skuldig maak aan rook, drink, dwelmgebruik of seksuele aktiwiteite nie.
- 8.13 Deelname is 'n voorreg en swak gedrag sal tot opskorting lei.
- 8.14 Wangedrag of swak sportmanskap gedurende oefening vir 'n buitemuurse aktiwiteit, of tydens intra- of interskool kompetisies of ligas.
- 8.15 'n Verpligte aktiwiteit as 'n toeskouer by te woon sonder om 'n geskrewe verskoningsbrief in te handig voor die tyd.

## 9. GELOOF EN KULTUUR

’n Leerder sal die geloof, kultuur, menswees en regte van ander leerders, onderwysers en werkers respekteer. Elke leerder is geregtig om godsdiensvryheid te geniet.

9.1 Elke dag word begin met aantree en opening deur middel van skriflesing en gebed.

9.2 Alle leerders moet by die skool wees en aantree. Leerders wat laat kom of opening nie bywoon nie, sal afwesig gemerk word, aangesien die registers voltooi word en die reëlins vir die dag bekend gemaak word.

9.3 Elke A-dag is daar opening in die saal. Alle leerders is verplig om die saalopening by te woon en mag nie verdaag voor die afhandeling daarvan nie. Leerders wat nie gemaklik is met die Christelike inslag van die byeenkomste nie, moet by die betrokke graadvoog aanmeld en ’n klaskamer sal aan hulle toegewys word waar hulle die duur van die byeenkomste stil sal deurbring.

9.4 Bewus van my verantwoordelikheid voor God en die mensheid, verklaar elke leerder in alle nederigheid:

- dat elke leerder bo alles die ereplek aan God en sy Woord in die skool gee en dat elkeen die diepgewortelde Christelik-nasionale lewensbeginsels in hul daaglikse handel en wandel sal uitlewe en
- dat die skool se erekode uitgeleef en nougeset nagekom sal word soos vervat in elkeen se dagboek.

## 10. DIENS-, KOSHUISKOMITEE EN VLR

- 10.1 Dissipline verwys na gehoorsaamheid aan gesag, ordelike gedrag en dus ook na die vrywillige nakoming van reëls en regulasies.

Dit is algemeen bekend dat leer en onderrig nie moontlik is in situasies van wanorde nie. Strukture moet geskep word en dit is alleen moontlik waar daar orde is. Orde is alleenlik daar waar almal binne die reëls optree. Dissipline is dus nodig om die skoolomgewing so te reël dat daar orde en struktuur is sodat 'n rustige, veilige en gestruktureerde leer-kultuur en atmosfeer bestaan. Die handhawing van dissipline beteken dus niks anders nie en om die reëls so toe te pas dat bogenoemde verwerklik word. Verder verwys die handhawing van dissipline juis na die optrede teen 'n persoon wat nie met die reëls en dus die meerderheid ander leerders konformeer nie. Dikwels word reëls geskep om juis afwykende gedrag, optrede en voorkoms te beperk. Dissipline skep ook vir leerders 'n veilige ruimte waar binne hulle vryelik kan beweeg.

Dit verskaf sekuriteit en gee 'n gevoel van geborgenheid. Onsekerheid en twyfel word deur 'n streng dissiplinere stelsel en eenvoudige maar duidelike reëls uit die weg geruim. Dit beskerm ook die kind teen die onredelike optrede teenoor hom deur sy eie maats, sy ouers, die groep waarin hy beweeg en die personeel.

- 7.2 Die skool, beheerliggaam en gemeenskap van Wagpos het besluit oor die volgende stelsel wat hul wil gebruik om dissipline te handhaaf.

- Elke situasie moet op meriete hanteer word.
- Hulpgewing aan die leerlinge word vooropgestel.
- Toepassing van tug geskied nadat skuld bo alle twyfel vasgestel is.
- Tydelike uitsluiting is dadelik van krag en geld vir alle fasette van skoolaktiwiteite.
- Waarsku leerder en ouers altyd ten opsigte van die tug met die volgende oortredings.
- Die toepassing van die dissiplinere stelsel word hanteer deur 'n tugkomitee.
- Detensie en Gemeenskapsdiens is 'n tussenstap voordat 'n leerder op 'n tugkomitee moet verskyn.
- 'n Leerder kan wel met eerste oortreding op verhoorraad verskyn, afhangende van oortreding.
- Opskorting van voorregte soos die bywoon van sokkies, feeste en matriekafskeid, kan ook as alternatiewe strafmetode oorweeg word na goeddunke van die hoof en tugkomitee.
- Die volgende oortredings word gelys met aangevole tug.
- Tydelike uitsluiting kan vervang word met gemeenskapsdiens, indien 'n leerder se akademiese vordering nie na wense is nie.



# Die Hoërskool Wagpos

Privaatsak X5005 Tel.: 012 2555646/7/80

O250 BRITS Faks: 012 2555568

e-pos: wagpos@mweb.co.za

## VERKLARING DEUR LEERDERLEIERS

Hiermee verklaar ek, \_\_\_\_\_, dat ek kennis geneem het van die volgende sake wat deur die hoof en die bestuurspan van die skool op \_\_\_\_\_ / \_\_\_\_\_ / \_\_\_\_\_ met my bespreek is.

- Alle leerderleiers (Diens-, Koshuiskomitee en VLR) word op dieselfde manier gestraf as die res van die skool wanneer dit by kategorie 1 en 2 oortredings kom. **Wanneer 'n leier hom/haar skuldig maak aan enige kategorie 3 en 4 oortreding, word die leier permanent van sy/haar leierskap onthef** (balkie word ingehandig). Die normale prosedure van straf by kategorie 3 en 4 oortredings volg dan soos enige ander oortreding. (Sien agterkant vir kategorieë).
- Ek aanvaar dat ek dus by sodanige oortredings swaarder gestraf sal word as ander leerders, aangesien ek in 'n vertrouens- en leiersposisie geplaas is.
- Ek is die keuse gebied om van die kortlys te onttrek, indien ek nie kans sien vir die hoë eise wat aan my gestel word nie.
- Ek onderskryf en aanvaar die skool se gedragskode.
- Ek onderneem om alle leierskapopleidingskursusse en –kampe by te woon.
- Ek onderneem om tot die einde van my dienstermyn trots diens te lewer in die posisie waarin ek verkies is.

\_\_\_\_\_  
D.J. NEETHLING  
HOOF

\_\_\_\_\_  
D A T U M

\_\_\_\_\_  
HANDTEKENING VAN  
LEERDERLEIER

